basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

**HOU HIERDIE BLADSY OOP.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 25 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 45 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (55 punte; 45 minute)**

Die inligting het betrekking op Ivory Park Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting B (i) vir vaste bates:**

Bereken die volgende:

1.1.1 Waardevermindering op toerusting op 29 Februarie 2024 (2)

1.1.2 Kosprys van voertuie op 29 Februarie 2024 (4)

1.1.3 Waardevermindering op voertuie op 29 Februarie 2024 (5)

1.1.4 Wins/Verlies op voertuig op 1 September 2023 ingeruil (5)

1.2 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (39)

**LET WEL:** Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK gegee.

**INLIGTING:**

**A. Saldo's/totale wat, onder andere, in die boeke verskyn het op:**

| | **29 Feb. 2024 R** | **28 Feb. 2023 R** |
|---|---:|---:|
| Verbandlening: Phambili Bank | 744 100 | 987 700 |
| Toerusting teen kosprys | 852 000 | 852 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 472 500 | 344 700 |
| Voertuie teen kosprys | ? | 1 250 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | ? | 420 000 |
| Handelsvoorraad | 654 500 | |
| Debiteurekontrole | 516 600 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | ? | 29 520 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 340 000 | |
| Verkope | ? | |
| Koste van verkope | 4 780 900 | |
| Ouditfooie | 79 000 | |
| Diensfooi-inkomste | 1 757 700 | |
| Diverse bedryfsuitgawes | 119 900 | |
| Oninbare skulde | 24 780 | |
| Verpakkingsmateriaal | 66 550 | |
| Salarisse en lone (bydraes ingesluit) | 1 425 600 | |
| Versekering | 100 800 | |
| Huurinkomste | 158 100 | |
| Rente-inkomste | ? | |
| Direkteursfooie | ? | |
| Rente op lening | 149 400 | |
| Dividende op gewone aandele | 250 000 | |

Kopiereg voorbehou 

**B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**

(i) **Vaste bates:**

**Toerusting:**

- Geen toerusting is gedurende die jaar aangekoop of verkoop nie.

**Voertuie:**

- 'n Ou voertuig is op 1 September 2023 ingeruil vir 'n nuwe voertuig wat R320 000 gekos het. Die inruilwaarde wat ontvang is, was R153 660. Die volgende uittreksel van die voertuig verkoop, is uit die Vastebateregister geneem:

**Kosprys:** R240 000 **Datum aangekoop:** 1 Julie 2021
**Waardeverminderingskoers:** 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode

| FINANSIËLE JAAREINDE | WAARDE-VERMINDERING | OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING |
|---|---|---|
| 28 Februarie 2022 | R32 000 | R32 000 |
| 28 Februarie 2023 | R41 600 | R73 600 |
| 1 September 2023 | ? | ? |

- Voertuie se waarde verminder teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode.
- Waardevermindering op die ou, oorblywende voertuie was R132 720.

(ii) Die maatskappy handhaaf 'n winsgrens van 60% op kosprys. Let daarop dat goedere wat R115 000 kos (by koste van verkope ingesluit), teen 'n winsopslag van 40% op kosprys aan interne werknemers verkoop is.

(iii) 'n Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2024 het die volgende getoon:
- Handelsvooraad, R647 100
- Verpakkingsmateriaal gedurende die finansiële jaar gebruik, R58 700

(iv) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van die uitstaande debiteure aangesuiwer word.

(v) Maandelikse versekeringspremies was vir die afgelope drie jaar vasgestel en is tot 31 Mei 2024 betaal.

(vi) 'n Huurder huur 'n kantoor by Ivory Park Bpk. Die kantoor se huur is tot 30 April 2024 ontvang. Huur vir die kantoor is op 1 Desember 2023 met 8% verminder.

(vii) Een werknemer is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2024 weggelaat. Sy netto maandelikse salaris was R19 340 nadat 35%-aftrekkings vir sy pensioen en persoonlike belasting gemaak is, en R2 500 vir die mediese fonds afgetrek is. Die werkgewer dra 10% van sy bruto salaris, namens werknemers, tot die pensioenfonds by.

(viii) Die maatskappy het twee direkteure wat gesamentlik 'n jaarlikse fooi van R1 065 200 ontvang het, nadat hul maandelikse fooie met R5 800 elk op 1 Augustus 2023 verhoog is. 'n Derde direkteur is op 1 November 2023 aangestel en ontvang dieselfde maandelikse fooi as die ander direkteure, die R5 800 maandelikse verhoging uitgesluit.

(ix) Netto wins na belasting, R992 160, is bereken nadat al die aansuiwerings hierbo in ag geneem is. Inkomstebelasting is bereken op 28% van die netto wins.

**55**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**
**(35 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Eybers Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 op. (8)

2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (17)

2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

- % bedryfsuitgawes op verkope (3)
- Voorraadomsetsnelheid (4)
- Tussentydse dividend per aandeel (3)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.**

| | R |
|---|---|
| Verkope | 8 240 600 |
| Koste van verkope | 5 060 000 |
| Bruto bedryfsinkomste | 3 020 480 |
| Bedryfsuitgawes | 1 360 950 |
| Bedryfswins | 1 659 530 |
| Inkomstebelasting | 462 000 |
| Netto wins na belasting | ? |

**B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op:**

| | **29 Feb. 2024 R** | | **28 Feb. 2023 R** | |
|---|---|---|---|---|
| Kontant en kontantekwivalente | ? | | 36 000 | |
| Handelsvoorraad | 174 000 | | 193 000 | |
| SAID: Inkomstebelasting | 66 650 | **Dt.** | 44 675 | **Kt.** |
| Gewone aandeelhouersbelang | ? | | 8 733 720 | |
| Gewone aandelekapitaal | ? | | 8 160 000 | |
| Behoue inkomste | ? | | 573 720 | |
| Lening: Smiley Bank | 5 440 000 | | ? | |
| Aandeelhouers vir dividende | ? | | ? | |
| Bankoortrekking | 0 | | 142 680 | |

**C. Aandelekapitaal:**

- Op 1 Maart 2023 was daar 1 200 000 uitgereikte aandele.
- 400 000 aandele is op 30 Junie 2023 teen R10 per aandeel uitgereik.
- 34 000 aandele is op 30 November 2023 teen R1,90 (per aandeel) bo die gemiddelde aandeelprys, teruggekoop.

**D. Dividende en dividenduitbetaalkoers:**

- Dividende betaal en verklaar:

| **DIVIDENDE** | | | |
|---|---|---|---|
| Finaal | 28 Februarie 2023 | Betaal | 17 sent per aandeel |
| Tussentyds | 1 September 2023 | Betaal | R416 000 |
| Finaal | 29 Februarie 2024 | Verklaar | ? |

- Totale dividende betaal en verklaar vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024, R744 860.
- Die dividenduitbetalingskoers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 was 40% nadat alle transaksies korrek geboekstaaf is.

**E. Lening: Smiley Bank**

- Maandelikse paaiemente, R97 120, rente ingesluit, is betaal.
- R685 440 rente is gekapitaliseer.

**F.** Netto verandering in kontant en kontantekwivalente, R296 460 invloei.

**35**

**HOU HIERDIE BLADSY OOP.**

## VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (45 punte; 35 minute)

**WINSTON BPK.**

Die inligting het betrekking op Winston Bpk. vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:<br>• Finansiële aanwysers en tendense met syfers aanhaal<br>• 'n Rede of verduideliking vir die aangehaalde finansiële aanwysers gee |

3.1 **Winsgewendheid:**

Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense, wat daarop dui dat die maatskappy sy uitgawes goed bestuur. (4)

3.2 **Dividenduitbetalingsbeleid:**

Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingsbeleid van die maatskappy. Verduidelik waarom dit 'n verantwoordelike verandering in dié beleid is. Verskaf EEN punt. (3)

3.3 **Verdienste en opbrengs:**

Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede of ontevrede behoort te wees met die verdienste per aandeel en die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (4)

3.4 **Finansiële strategieë en finansiële hefboom:**

- **Verwys na Inligting C.**

  Die direkteure het besluit om in 2024 nuwe vaste bates aan te koop om die maatskappy te verbeter.

  Identifiseer die TWEE hoofbronne (meer as R1m) wat gebruik is om hierdie aankope te finansier. Verskaf syfers. (4)

- Verduidelik hoe die besluite die risiko en finansiële hefboom van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (6)

3.5 **Grant Waters se %-aandeelhouding, regte-uitgifte en terugkoop van aandele:**

- **Verwys na Inligting B.**

  Bereken die getal aandele wat Grant op 31 Oktober 2023 deur regte-uitgifte gekoop het. (3)

- Bereken Grant se %-aandeelhouding ná die regte-uitgifte op 29 Februarie 2024. (5)

- Bereken die totale bedrag wat Grant vir die aandele, wat hy deur middel van die regte-uitgifte verkry het, betaal het.
  **LET WEL:** Geen aandele is gedurende die finansiële jaar teruggekoop nie. (4)

- Grant is van plan om die direksie te oortuig om van sy aandele in die volgende finansiële jaar teen R12 per aandeel terug te koop. Verduidelik waarom die ander direksielede waarskynlik teen hierdie transaksie, deur Grant voorgestel, sal stem. Verskaf TWEE punte (met syfers). (4)

3.6 **Rol van die HUB:**

- Verduidelik TWEE karaktereienskappe wat aandeelhouers van 'n goeie HUB kan verwag. (4)

- Afgesien van die faktore en finansiële aanwysers waarna in die vorige vrae verwys is, identifiseer en verduidelik TWEE ander punte wat daarop dui dat die HUB die maatskappy goed bestuur. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Agtergrond-inligting:**

- Die hoof- uitvoerende beampte (HUB), Shakira Solomon, is op 1 Oktober 2023 aangestel.
- Sy is op 'n een-jaar-kontrak, vir 'n proeftydperk, aangestel.
- Grant Waters, die meerderheidsaandeelhouer, was instrumenteel in die aanstelling van die HUB op 1 Oktober 2023.

**B. Aandelekapitaal en regte-uitgifte:**

- Op 1 Maart 2023 was 3 000 000 aandele reeds uitgereik.

- **Grant Waters se aandeelhouding**:

  Hy is die meerderheidsaandeelhouer en het op 1 Maart 2023, 1 620 000 van die uitgereikte aandele besit.

**Regte-uitgifte:**

- Elke aandeelhouer is op 31 Oktober 2023, 10 aandele teen 'n verlaagde prys vir elke 50 aandele in hulle besit, aangebied. Alle aandeelhouers het hierdie reg uitgeoefen. **Geen ander aandele is gedurende die finansiële jaar uitgereik of teruggekoop nie.**

**C. Uittreksel uit die Notas en Staat van Finansiële Posisie soos op:**

| | 29 Feb. 2024 | 28 Feb. 2023 |
|---|---|---|
| Vaste bates aangekoop | R8 235 000 | R4 180 000 |
| Vaste bates verkoop | 710 000 | 0 |
| Vaste deposito: Caledon Bank | 550 000 | 250 000 |
| Gewone aandelekapitaal | 31 770 000 | 28 800 000 |
| Lening: Main Bank | 12 913 000 | 9 400 000 |

**D. Finansiële aanwysers, markpryse van aandele, rentekoerse en ander finansiële inligting:**

| | 29 Feb. 2024 | 28 Feb. 2023 |
|---|---|---|
| Winsopslagpersentasie | 45% | 40% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 14% | 19% |
| % bedryfswins op verkope | 18% | 12% |
| % netto wins voor belasting op verkope | 19% | 11% |
| Solvensieverhouding | 3,8 : 1 | 2,8 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 2,5 : 1 | 1,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,9 : 1 | 1,2 : 1 |
| Netto batewaarde per aandeel | 564 sent | 460 sent |
| Dividende per aandeel | 67 sent | 89 sent |
| Verdienste per aandeel | 112 sent | 104 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 60% | 86% |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 20% | 11% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,2 : 1 | 0,5 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 24% | 15% |
| | | |
| Markwaarde per aandeel | 950 sent | 820 sent |
| % groei (afname) in netto batewaarde per aandeel | +15,9% | - 8,9% |
| Rentekoers op lenings | 12% | 12% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 7,5% | 6,5% |

**45**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(15 punte; 15 minute)**

Jy word voorsien van 'n uittreksel van die onafhanklike eksterne ouditverslag van Valiant Bpk. wat aan aandeelhouers by die Algemene Jaarvergadering voorgelê is.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Moet NIE jou antwoorde vir verskillende vrae herhaal NIE.

4.1 Verduidelik die rol van 'n onafhanklike eksterne ouditeur. Verskaf EEN punt. (2)

4.2 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord in die ANTWOORDEBOEK neer en verduidelik jou keuse.

Valiant Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening) ouditverslag ontvang. (2)

4.3 Watter soort ouditbewyse ondersoek die onafhanklike eksterne ouditeur om die vaste bates van 'n maatskappy te verifieer? Verskaf TWEE punte. (4)

4.4 Wat is die gevolge van hierdie ouditverslag vir die volgende:

- Direkteure
- Aandeelhouers

Noem EEN punt in elke geval. (4)

4.5 Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike eksterne ouditeur indien hy deur die direkteure van die maatskappy beïnvloed is om opsetlik 'n vals ouditverslag aan die aandeelhouers voor te hou. (3)

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit die onafhanklike eksterne ouditverslag van Valiant Bpk. se finansiële state:**

**Ouditmening:**

Na ons mening verskaf die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 29 Februarie 2024.

**Basis vir Ouditmening:**

… en die ouditbewyse wat verkry is, is voldoende en toepaslik om 'n basis vir ons mening te verskaf.

**15**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

## GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

*Vertroulik*

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2024

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.**

## VRAAG 1

### 1.1 Bereken:

1.1.1

| **Waardevermindering op toerusting op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**2**

1.1.2

| **Kosprys van voertuie op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

1.1.3

| **Waardevermindering op voertuie op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **Waardevermindering op nuwe voertuig** | |
| **Waardevermindering op ingeruilde voertuig** | |
| **Waardevermindering op oorblywende voertuie** | **132 720** |
| | |

**5**

1.1.4

| **Wins/Verlies op voertuig op 1 September 2023 ingeruil** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

**LET WEL: Relevante bedrae hierbo bereken, moet na VRAAG 1.2 in die Staat van Omvattende Inkomste oorgedra word.**

**1.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024**

| | |
|---|---|
| **Verkope** | |
| **Koste van verkope** | **(4 780 900)** |
| **Bruto wins** | |
| **Ander inkomste** | |
| **Diensfooi-inkomste** | **1 757 700** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| **Ouditfooie** | **79 000** |
| **Diverse bedryfsuitgawes** | **119 900** |
| **Oninbare skulde** | **24 780** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Bedryfswins** | |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-uitgawes** | |
| **Rente-uitgawes** | **(149 400)** |
| **Netto wins voor belasting** | |
| **Inkomstebelasting** | |
| **Netto wins na belasting** | **992 160** |

| |
|---|
| |
| **39** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **55** |

**VRAAG 2**

**EYBERS BPK.**

**2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

| | |
|---|---|
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **573 720** |
| | |
| | |
| **Gewone aandeledividende** | **(744 860)** |
| | |
| | |
| | |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

**2.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| **Kontant voortgebring uit bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | |
| | |
| | |
| | |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | **296 460** |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR** | |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR** | |

| |
|---|
| |
| **17** |

**2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024**

| **% bedryfsuitgawes op verkope** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **Voorraadomsetsnelheid** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Tussentydse dividend per aandeel** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

**VRAAG 3**

**3.1 Winsgewendheid:**

| |
|---|
| **Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense, wat daarop dui dat die maatskappy sy uitgawes goed bestuur.** |

**4**

**3.2 Dividenduitbetalingsbeleid:**

| |
|---|
| **Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingsbeleid van die maatskappy. Verduidelik waarom dit 'n verantwoordelike verandering in dié beleid is. Verskaf EEN punt.** |

**3**

**3.3 Verdienste en opbrengs:**

| |
|---|
| **Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede of ontevrede behoort te wees met die verdienste per aandeel en die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.** |

**4**

**3.4 Finansiële strategieë en finansiële hefboom:**

| |
|---|
| **Verwys na Inligting C.**<br><br>**Die direkteure het besluit om in 2024 nuwe vaste bates aan te koop om die maatskappy te verbeter. Identifiseer die TWEE hoofbronne (meer as R1m) wat gebruik is om hierdie aankope te finansier. Verskaf syfers.** |
| **Verduidelik hoe die besluite die risiko en die finansiële hefboom van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.** |

**4**

**6**

**3.5 Grant Waters se % aandeelhouding, regte-uitgifte en terugkoop van aandele:**

**Bereken:**

**Verwys na Inligting B.**

| **Die getal aandele wat Grant op 31 Oktober 2023 deur regte-uitgifte gekoop het** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**3**

| **Grant se % aandeelhouding ná die regte-uitgifte op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

| **Die totale bedrag wat Grant vir die aandele, wat hy deur middel van die regte-uitgifte verkry het, betaal het**<br>**LET WEL: Geen aandele is gedurende die finansiële jaar teruggekoop nie.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

| **Grant is van plan om die direksie te oortuig om van sy aandele in die volgende finansiële jaar teen R12 per aandeel terug te koop. Verduidelik waarom die ander direksielede waarskynlik teen die transaksie, deur Grant voorgestel, sal stem. Verskaf TWEE punte (met syfers).** |
|---|
| |

**4**

**3.6 Rol van die HUB:**

| |
|---|
| **Verduidelik TWEE karaktereienskappe wat aandeelhouers van 'n goeie HUB kan verwag.** |

| |
|---|
| |
| **4** |

| |
|---|
| **Afgesien van die faktore en finansiële aanwysers waarna in die vorige vrae verwys is, identifiseer en verduidelik TWEE ander punte wat daarop dui dat die HUB die maatskappy goed bestuur. Haal syfers aan.** |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4

**4.1** **Verduidelik die rol van 'n onafhanklike eksterne ouditeur. Verskaf EEN punt.**

**2**

**4.2** **Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord neer en verduidelik jou keuse.**

**Valiant Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening) ouditverslag ontvang.**

| OUDITVERSLAG | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| | |

**2**

**4.3** **Watter soort ouditbewyse word deur die onafhanklike eksterne ouditeur ondersoek om die vaste bates van 'n maatskappy te verifieer? Verskaf TWEE punte.**

**4**

Kopiereg voorbehou

**4.4** **Wat is die gevolge van hierdie ouditverslag vir die volgende:**

- **Direkteure**
- **Aandeelhouers**

**Noem EEN punt in elke geval.**

| | **GEVOLGE** |
|---|---|
| **Direkteure** | |
| **Aandeelhouers** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**4.5** **Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike eksterne ouditeur indien hy deur die direkteure van die maatskappy beïnvloed is om opsetlik 'n vals ouditverslag aan die aandeelhouers voor te hou.**

| |
|---|
| |
| **3** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW**: As syfers in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
9. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
11. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.
15. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**Bereken:**

**1.1.1**

| **Waardevermindering op toerusting op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 472 500 – 344 700 | 127 800 ✓✓ |

**2**

**1.1.2**

| **Kosprys van voertuie op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 1 250 000 ✓ – 240 000 ✓ + 320 000 ✓<br>**OF**<br>Voertuie (see table below)<br>Indien 'n bewerking as finale antw. gegee is, ken slegs bewerkingspunt toe | 1 330 000 ☑<br>een deel korrek |

Voertuie

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 250 000 | een punt | 240 000 | een punt |
| 320 000 | een punt | 1 330 000 | een m-punt |

**4**

**1.1.3**

| **Waardevermindering op voertuie op 29 Februarie 2024** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **Waardevermindering op nuwe voertuig**<br>320 000 x [20/100 x 6/12] | 32 000 ✓☑* |
| **Waardevermindering op ingeruilde voertuig**<br>[240 000 – 73 600]<br>166 400 x [20/100 x 6/12] | 16 640 ✓☑* |
| **Waardevermindering op oorblywende voertuie** | **132 720** |
| moet R132 720 insluit | 181 360 ☑* |

* een deel korrek

**5**

**1.1.4**

| **Wins/Verlies op voertuig ingeruil op 1 September 2023** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| een punt een m-punt<br>(73 600 + 16 640)<br>sien 1.1.3<br>240 000✓ – 90 240 ✓☑ – 153 660 ✓<br>149 760 drie punte<br>**OF**<br>Bateverkope (see table below)<br>Indien 'n bewerking as finale antwoord gegee is, ken slegs bewerkingspunt(e) toe | 3 900 ☑<br>een deel korrek |

Bateverkope

| | | | |
|---|---|---|---|
| 240 000 | een punt | 90 240 | een punt een m-punt |
| 3 900 | een m-punt | 153 660 | een punt |

**5**

**LW: Relevante bedrae hierbo bereken, moet na VRAAG 1.2 in die Staat van Omvattende Inkomste oorgedra word.**

## 1.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

| | |
|---|---|
| **Verkope** [4 780 900 x 1,6] [115 000 x 0,2]<br>7 649 440 ✓✓ – 23 000 ✓✓<br>**OF**<br>[4 665 900 x 1,6] [115 000 x 1,4]<br>7 465 440 twee punte + 161 000 twee punte | 7 626 440 ☑*<br>Beide syfers moet opgetel / afgetrek word |
| **Koste van verkope** | **(4 780 900)** |
| **Bruto wins** Verk - KvV **6** | 2 845 540 ☑ |
| **Ander inkomste** bewerking | 1 902 000 ☑ |
| **Diensfooi-inkomste** | **1 757 700** |
| Wins met verkoop van bate ** sien 1.1.4 | 3 900 ☑ |
| Huurinkomste [10 695 x 2] een punt twee punte<br>158 100 ✓ – 21 390 ✓✓ **OF** 104 625 + 32 085 | 136 710 ☑* |
| Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering # | 3 690 ✓✓ |
| **Bruto bedryfsinkomste** BW + AI **9** | 4 747 540 ☑ |
| **Bedryfsuitgawes** bewerking | (3 371 340) ☑ |
| **Ouditfooie** | **79 000** |
| **Diverse bedryfsuitgawes** | **119 900** |
| **Oninbare skulde** | **24 780** |
| Verpakkingsmateriaal | 58 700 ✓ |
| Handelsvoorraadtekort **$** | 7 400 ✓✓ |
| Versekering [100 800 x 3/15] **OF** [6720 x 3]<br>100 800 ✓ – 20 160 ✓✓ **OF** 100 800 x 12/15 | 80 640 ☑* |
| Salarisse en Lone [21 840 + 11 760] [B.Sal x 10%]<br>1 425 600✓ + 33 600✓✓ + 3 360 ☑ | 1 462 560 ☑* |
| Direkteursfooie [41 000 x 4]<br>1 065 200 ✓ + 164 000 ✓✓ | 1 229 200 ☑* |
| Waardevermindering @ [127 800 + 181 360]<br>sien 1.1.1 sien 1.1.3 **18** | 309 160 ☑ |
| **Bedryfswins** BBI - BU | 1 376 200 ☑ |
| **Rente-inkomste** Balanseersyfer (aanvaar neg. syfer) | 151 200 ☑ |
| **Wins voor rente-uitgawes** NWvB + RU | 1 527 400 ☑ |
| **Rente-uitgawes** | **(149 400)** |
| **Netto wins voor belasting** NWnB + IB | 1 378 000 ☑ |
| **Inkomstebelasting** NWnB x 28/72 | (385 840) ✓✓ |
| **Netto wins na belasting** **6** | **992 160** |

**39**

* een deel korrek

-1 vreemde items (maks -2), d.i. SFP-items; -1 aanbieding (maks -1)
** Indien dit as 'n verlies in 1.1.4 bereken was, ken metodepunt toe onder bedryfsuitgawes
# VOS-aans. moet as 'n inkomste getoon word;
$ HV-tekort moet uitgawe getoon word
@ Albei syfers moet opgetel wees om metodepunt toe te ken
Pas Nasienbeginsel 10 toe by die toekenning van metodepunte; volg kandidaat se bewerkings

| **TOTALE PUNTE** | **55** |
|---|---|

## VRAAG 2

## EYBERS BPK.

### 2.1 BEHOUE INKOMSTE-NOTA VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **573 720** | |
| Netto wins na belasting<br>(744 860✓ ÷ 40% ✓) **OF** (744 860 x 100/40) | 1 862 150 ☑* | |
| Terugkoop van aandele ignoreer hakies | (64 600) ✓✓ | |
| **Gewone aandeledividende** | **(744 860)** | |
| Tussentydse dividende | 416 000 ✓ | |
| Finale dividende GAD – TT/Div | 328 860 ☑ | |
| | | |
| **Saldo aan die einde van die jaar**<br>Kontroleer bewerking; TK v aandele & GAD moet afgetrek word | 1 626 410 ☑* | **8** |

-1 as geen besonderhede getoon is (maks -1) *een deel korrek

**OF**

### 2.1 BEHOUE INKOMSTE-NOTA VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **573 720** | |
| Netto wins na belasting (1 458 167 ✓ x 1,175 ✓) | 1 713 346 ☑* | |
| Terugkoop van aandele ignoreer hakies | (64 600) ✓✓ | |
| **Gewone aandeledividende** | **(744 860)** | |
| Tussentydse dividende | 416 000 ✓ | |
| Finale dividende GAD – TT/Div | 328 860 ☑ | |
| | | |
| **Saldo aan die einde van die jaar**<br>Kontroleer bewerking; TK v aandele & GAD moet afgetrek word | 1 477 606 ☑* | **8** |

-1 as geen besonderhede getoon is (maks -1) *een deel korrek

## 2.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| **Kontant voortgebring uit bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | |
| # Belasting betaal<br>44 675✓ + 462 000✓ + 66 650✓<br>**OF** – 44 675 – 462 000 – 66 650 | (573 325) ☑* |
| # Dividende betaal<br>(1 200 000 x 17/100) [744 860 – 328 860]<br>204 000 ✓☑ + 416 000 ✓ **8** | (620 000) ☑* |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| Nuwe aandele uitgereik | 4 000 000 ✓ |
| Aandele teruggekoop (34 000 x 7,60) (34 000 x 1,90)<br>258 400 ✓ + 64 600 ☑<br>sien 2.1 | (323 000) ☑*<br>Beide syfers opgetel |
| Lening terugbetaal **6** | (480 000) ✓✓<br>Geen hakies; een punt |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | **296 460** |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR** | (106 680) ✓✓<br>Geen hakies; een punt |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR** **3** | 189 780 ☑<br>bewerking |

**17**

* een deel korrek, as 'n uitvloei (hakies) getoon
-1 aanbieding (maks. -1)
# Wees bedag op alternatiewe bewerkings, bv GB-rek'e, gebruik van hakies of omgekeerde tekens
Waar omgekeerde tekens gebruik is, merk deurgaans slegs EEN opsie
Indien geen hakies, aanvaar antw. as 'n invloei of kontant − ken punte slegs vir bewerkings toe
Waar 'n bewerkingsbedrag as die finale syfer getoon is, ken die punt(e) soos per bewerking toe; ignoreer hakies
Waar die korrekte bedrag sonder hakies gegee word, ken al die bewerkingspunte toe; nie die finale punt nie

## 2.3 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

| **% bedryfsuitgawes op verkope** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| $\frac{1\ 360\ 950\ ✓}{8\ 240\ 600\ ✓} \times \frac{100*}{1}$ | 16,5% ☑<br>een deel korrek<br>bereken as 'n %;<br>%-teken nie vereis nie<br>Aanvaar 17%<br>0,165 / 0,17 word nie aanvaar nie | 3 |
| **Voorraadomsetsnelheid** | | |
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| $\frac{5\ 060\ 000\ ✓}{½\ (174\ 000\ ✓ + 193\ 000\ ✓)}$<br>183 500 twee punte | 27,6 keer ☑*<br>een deel korrek<br>AS gem. voorraad (x ½) toegepas is.<br>Aanvaar 28 keer | 4 |
| **Tussentydse dividend per aandeel** | | |
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| $\frac{416\ 000\ ✓}{1\ 600\ 000\ ✓} \times \frac{100*}{1}$<br>[1 200 000 + 400 000]<br>een punt | 26 sent ☑*<br>een deel korrek<br>moet in sent wees;<br>Aanvaar in sent, as nie so aangedui nie.<br>Aanvaar R0,26 | 3 |

- Vir ELKE bewerking hierbo, word die 'x100' nie as '*een deel korrek'* geag nie.
- Teller en noemer moet as sulks gemerk word
- Geen punte toegeken vir bewerkings bygevoeg by alleenstaande syfers, bv. geen punt vir R1 360 950, indien enige bedrag bygevoeg/afgetrek is nie.

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **35** |

## VRAAG 3

### 3.1 Winsgewendheid:

**Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers en tendense, wat daarop dui dat die maatskappy sy uitgawes goed bestuur.**

Finansiële aanwysers ✓ ✓ syfers en tendense ✓ ✓

- % bedryfsuitgawes op verkope het verminder / verbeter (van 19%) tot 14%/ met 5%-punte / met 26,3%.
- % bedryfswins op verkope het vermeerder/verbeter (van 12%) tot 18% /met 6%-punte / met 50%.
- % netto wins voor belasting op verkope het vermeerder/ verbeter (van 11%) tot 19% / met 8%-punte / met 72,7%.

Moenie % winsgrens aanvaar nie

4

### 3.2 Dividenduitbetalingsbeleid:

**Lewer kommentaar op die dividenduitbetalingsbeleid van die maatskappy. Verduidelik waarom dit 'n verantwoordelike verandering in dié beleid is. Verskaf EEN punt.**

Syfers en tendens ✓

- Dit het verminder (van 86%) tot 60% / met 26 %-punte / met 30,2%.

Verduideliking: ✓✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige antwoorde

Fondse is behou/terug gehou vir toekomstige uitbreidingsdoeleindes / aandeelhouer sal in die toekoms voordeel trek uit fondse wat nou behou is / om die besigheid se kontantvloei te beskerm

3

### 3.3 Verdienste en opbrengs:

**Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede of ontevrede behoort te wees met die verdienste per aandeel en die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.**

Verdienste per aandeel (VPA)
- vermeerder (van 104 sent) tot 112 sent / met 8 sent / met 7,7 %.✓
- aandeelhouers kan tevrede wees, want dit toon 'n verhoging/verbetering in die winsgewendheid van die maatskappy.✓

Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAHB)
- vermeerder (van 11%) tot 20% / met 9%-punte / met 81,8%.✓
- aandeelhouers kan tevrede wees, want die OOAHB (20%) is hoër as die % rente op vaste deposito's (7,5%).✓

4

**3.4 Finansiële strategieë en finansiële hefboom:**

**Verwys na Inligting C.**
**Die direkteure het besluit om in 2024 nuwe vaste bates aan te koop om die maatskappy te verbeter. Identifiseer die TWEE hoofbronne (meer as R1m) wat gebruik is om hierdie aankope te finansier. Verskaf syfers.**

Bronne ✓ ✓ syfers ✓ ✓

- Aandele uitgereik (verkoop), R2 970 000 (van 28 800 000) tot 31 770 000 / met 10,3%
- Verhoging van lening, R3 513 000 (van 9 400 000) tot 12 913 000 / met 37,4%

**NIE AANVAARBAAR**: verkoop van vaste bates / kontant en kontantekwivalente

4

**Verduidelik hoe die besluite die risiko en die finansiële hefboom van die maatskappy beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan met syfers.**

Skuld-ekwiteitverhouding ✓
- verbeter/ daal (van 0,5 : 1) tot 0,2 : 1 / met 0,3 : 1. ✓
- maatskappy toon steeds 'n lae finansiële risiko. ✓

Opbrengs op gemiddelde totale kapitaal aangewend (OOTKA) ✓
- verhoog (van 15%) tot 24% / met 9%-punte / met 60%. ✓
- maatskappy is positief gerat / OOTKA (24%) is hoër as die 12% rentekoers op lenings. ✓

6

**3.5 Grant Waters se % aandeelhouding, regte-uitgifte en terugkoop van aandele:**

**Bereken:**

**Die getal aandele wat Grant op 31 Oktober 2023 deur regte-uitgifte gekoop het.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 1 620 000 ✓ / 50 ✓ x 10<br>32 400 twee punte<br>Kontroleer teller / noemer | 324 000 aandele ☑<br>AS: x 10 |

3

**Grant se % aandeelhouding na die regte-uitgifte op 29 Februarie 2024**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| sien hierbo<br>(1 620 000 ✓ + 324 000 ☑) / 3 600 000 ✓✓ x 100 / 1<br>[3 000 000 + 600 000] twee punte<br><br>**OF** een punt een m-punt<br>(1 380 000 + 276 000) / 3 600 000 x 100 / 1 = 46%<br>twee punte<br>100% - 46% | 54% ☑<br>een deel korrek |

5

**Die totale bedrag wat Grant vir die aandele, wat hy deur middel van die regte-uitgifte verkry het, betaal het.**
**LET WEL: Geen aandele is gedurende die finansiële jaar teruggekoop nie.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 324 000 ☑ x R4,95 ✓✓<br>sien hierbo; sien 3.4 2 970 000 / 600 000<br><br>**OF**<br>sien 3.4 (276 000 x 4,95)<br>2 970 000 – 1 366 200<br>een m-punt een punt een m-punt<br><br>LW: Metodepunt moet toegeken word waar bewerkings vir R4,95 getoon is | R1 603 800 ☑<br>een deel korrek |

4

**Grant is van plan om die direksie te oortuig om van sy aandele in die volgende finansiële jaar teen R12 per aandeel terug te koop. Verduidelik waarom die ander direksielede waarskynlik teen die transaksie, wat Grant wil voorstel, sal stem. Verskaf TWEE punte (met syfers)**

Enige TWEE toepaslike punte ✓ ✓ Syfers ✓ ✓ deelpunte vir onduidelike/onvolledige antwoorde

- Terugkoopprys (R12/1200 sent) is meer as die markwaarde per aandeel van 950 sent / met 250 sent.
- Terugkoopprys (R12/1200 sent) is meer as die NBW per aandeel van 564 sent / met 636 sent.
- Hy gebruik sy meerderheidstatus van 54% (sien hierbo) tot sy eie voordeel / sy meerderheidstatus van 54% (sien hierbo) kan lei tot self-verryking.

4

**3.6 Rol van die HUB:**

**Verduidelik TWEE karaktereienskappe wat aandeelhouers van 'n goeie HUB kan verwag.**

Enige TWEE toepaslike verduidelikings ✓✓ ✓✓

- Vermoë om 'n duidelike visie vir die maatskappy te stel en dit te kommunikeer / HUB moet sterk(goeie) kommunikasie-vaardighede hê om belangrike inligting oor te dra.
- Handhawing van deursigtigheid met rolspelers.
- Vermoë om konsekwente finansiële prestasie te lewer / goeie begrip van finansiële bestuur te toon.
- Vermoë om top-talent te lok, te ontwikkel en in die mpy te behou.
- Toegewyd tot etiese sakepraktyke met hoë vlak van integriteit.
- Aanpasbaar by verandering / reageer op onverwagse uitdagings.
- Toon vaardighede wat behoeftes van verskeie rolspelers kan aanspreek/ neem ingeligte besluite om risiko te bestuur wat positiewe resultate kan lewer.
- Kreatief om nuwe geleenthede te identifiseer / bronne effektief toeken om mededingend in die mark te bly.

**4**

**Afgesien van die faktore en finansiële aanwysers waarna in die vorige vrae verwys is, identifiseer en verduidelik TWEE ander punte wat aandui dat die HUB die maatskappy goed bestuur. Haal syfers aan.**

TWEE finansiële aanwysers (met syfers en tendense) ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓

- Solvensieverhouding verbeter (van 2,8 : 1) tot 3,8 : 1; maatskappy is in 'n sterker/gesonder finansiële posisie.
- Bedryfsverhouding verbeter (van 1,6 : 1) tot 2,5:1. Maatskappy se vermoë om korttermynskulde te betaal het versterk.
- Vuurproefverhouding verbeter (van 1,2 : 1) tot 1,9 : 1 en die besigheid het genoeg kontant/korttermynfinansiering om sy korttermynverpligtinge/-skulde na te kom.

**NIE AANVAARBAAR**: % Winsgrens

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **45** |

## VRAAG 4

**4.1 Verduidelik die rol van 'n onafhanklike eksterne ouditeur. Verskaf EEN punt.**

Enige toepaslike punt ✓✓

- Gee 'n onpartydige (oudit)verslag oor die finansiële state van die maatskappy.
- Bied 'n ingeligte opinie, gebaseer op feite, oor die billike/ geloofwaardige voorstelling van die finansiële state.
- Beskerm die aandeelhouers/publiek se belange.

**2**

**4.2 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord neer en verduidelik jou keuse.**

**Valiant Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening) ouditverslag ontvang.**

| OUDITVERSLAG | VERDUIDELIKING |
|---|---|
| Ongekwalifiseerd ✓ | Enige toepaslike verduideliking ✓<br>• Geen foute/probleemareas/ongerymdhede gevind.<br>• Mening dui daarop dat finansiële state 'n billike voorstelling is van die mpy se finansiële posisie. |

**2**

**4.3 Watter soort ouditbewyse word deur die onafhanklike eksterne ouditeur ondersoek om die vaste bates van 'n maatskappy te verifieer? Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE toepaslike punte ✓✓ ✓✓

- Bevestig die fisiese bestaan van items soos in die vaste bateregister getoon.
- Kontroleer of die berekeninge vir waardevermindering korrek is/ kontroleer dat die korrekte waardeverminderingskoers toegepas is.
- Vergelyk fakture/kwitansies teen kosprys wat in vaste bateregister verskyn.
- Kontroleer dat korrekte prosedure gevolg is met die aankoop / verkoop van nuwe vaste bate-items.
- Gaan die registrasie-sertifikate / titelaktes na, wat eienaarskap bewys.

VIR EEN PUNT:
- Gaan bateregister na
- Gaan ritregister (logbook) na
- Verifieer brondokumente

**4**

**4.4** **Wat is die gevolge van hierdie ouditverslag vir die volgende:**

- **Direkteure**
- **Aandeelhouers**

**Noem EEN punt in elke geval.**

| | **GEVOLGE** |
|---|---|
| **Direkteure** | Enige toepaslike gevolg ✓✓<br>• Aandeelhouers kan hulle heraanstel<br>• Dit verbeter hul getuigskrifte / reputasie |
| **Aandeelhouers** | Enige toepaslike gevolg ✓✓<br>• Hulle is tevrede dat hul belegging veilig is<br>• Dien as aanmoediging om nog meer in mpy te belê |

**4**

LW: 1. Kontroleer die soort ouditverslag in 4.2 geïdentifiseer, en merk 4.4 dienooreenkomstig.
2. Ignoreer die ouditverslag gekies in 4.2, waar die kandidaat se antwoord in 4.4 ooreenstem met die NR hierbo.

**4.5** **Noem DRIE moontlike gevolge vir die onafhanklike eksterne ouditeur indien hy deur die direkteure van die maatskappy beïnvloed is om opsetlik 'n vals ouditverslag aan die aandeelhouers voor te hou.**

Enige DRIE toepaslike gevolge ✓ ✓ ✓
Aanvaar een-woord antwoorde

Moontlike gevolge vir die ouditeur as werknemer:

- Kan gederegistreer/van die rol verwyder word deur IRBA (SAICA) / verloor professionele lisensie / sy lisensie word herroep
- Dissiplinêre verhoor / geskors word deur sy werkgewer (gedurende 'n ondersoek) / afgedank word /boete opgelê word / in hegtenis geneem word.
- Kan deur aandeelhouers gedagvaar vir bedrog/nalatigheid (finansiële verlies) / Kry ‘n swak naam (reputasie)

Moontlike gevolge vir die maatskappy (ouditeur se werkgewer):

- Verloor klante / deur klante as ouditeur verwyder / kollegas of personeel kan hul werk verloor weens 'n kwynende kliëntebasis/ moeilik om nuwe kontrakte in die toekoms te bekom / Maatskappy (werkgewer) kry ‘n swak reputasie.

**3**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **15** |

**TOTAAL: 150**